

DIE BRITSE OWERHEID EN DIE ONDERWYS OP HEIDELBERG GEDURENDE DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1900-1902

Willem Pretorius en Fransjohan Pretorius

*Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria,
Pretoria, 0002*

The British authorities and education during the Anglo-Boer War, 1900-1902

Not much is known about classroom practice and the actual quality of teaching in the concentration camp schools of the Anglo-Boer War. During the war Heidelberg, which was to develop into an important educational centre in the Transvaal after 1902, helped to lay the foundation for an effective post-war educational system, based on the British model. In this article it is endeavoured to bring to the attention of the reader the positive aspects of the educational system that the British authorities established in the concentration camps. The camp schools stimulated the camp children's thinking processes and helped to open new worlds to them. The existence of the camp school system supports the viewpoint that life in the concentration camps did not revolve solely around death and disease. Despite this, the Heidelberg parents regarded teaching with Dutch as medium of instruction so important that they rebelled against English as the sole medium and established the Volksskool in the town. The establishment of Christian National Education (CNE) Schools stimulated the concept of mother tongue education.

Key words: Camp schools; Christian National Education (CNE); concentration camps; education; Heidelberg, Transvaal; Volksskool Heidelberg

Oor die klaskamerpraktyk en die werklike gehalte van onderrig tydens die kampskooltydperk is daar min bekend. Heidelberg wat na 1902 in 'n belangrike onderwysentrum in Transvaal ontwikkel het, het gedurende die Anglo-Boereoorlog gehelp om die grondslag vir 'n effektiewe naoorlogse onderwysstelsel, gebaseer op die Britse model, te vestig. In hierdie artikel word gepoog om die positiewe in die kamponderwys wat die Britse onderwysowerhede tot stand gebring het, onder die leser se aandag te bring. Die kampskole het daartoe bygedra om die gedagtegang van die kampkinders te prikkel en nuwe wêreldes vir hulle te ontsluit. Die bestaan van die kampskoolstelsel ondersteun die siening dat die lewende in die konsentrasiekampe nie

net om dood en siekte gewentel het nie. Tog het die Heidelbergse ouers onderrig in Nederlands as so belangrik beskou dat hulle tot verset teen onderrig in Engels en tot die stigting van die Volksskool op die dorp oorgegaan het. Die stigting van die CNO-skole het die gedagte aan moedertaalonderwys gestimuleer.

Sleutelwoorde: Christelik Nasionale Onderwys (CNO); Heidelberg, kampskole; konsentrasiekampe; onderwys; Transvaal; Volksskool Heidelberg.

Onderwys word ’n kwessie

Min studies bestaan oor die kampskole wat die Britse militêre owerhede in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog opgerig het, en geen intensiewe navorsing oor individuele kampskole nie. F.C. Symington het in ’n D.Ed.-proefskrif, getiteld “Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie periode, 1900-1907” (UP, 1948), bolangs na die kampskole verwys. So ook J.C. Otto in sy werk van 1954, *Die konsentrasiekampe*. Die beste studie oor die Britse kampskole is die hoofstuk van Paul Zietsman, getiteld “Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis” in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde* (2001). Nie een van hierdie werke het egter op ’n spesifieke kampskool gekonsentreer nie. In *Pro Deo et Patria* (1966) het A.E.F. Bosman die ontwikkeling van onderwys op Heidelberg sedert 1866 ondersoek, maar geen aandag aan die kampskool geskenk nie. P.W. Lötze se dekking van die Heidelbergse kampskool in sy M.Ed.-verhandeling getiteld “Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys aan blankes in die distrik Heidelberg, Transvaal van 1839 tot 1950” (PU vir CHO, 1952), het sterk op Symington se werk gesteun en eweneens nie die onderrig in die kampskool op Heidelberg tot sy reg laat kom nie. Die ontdekking van ’n aantal eksemplare van ’n plaaslike koerant, *The Heidelberg News*, wat gedurende die Anglo-Boereoorlog ondersoek na die kampskool en onderwys in die algemeen op dié dorp gedoen het, het egter die geleentheid gebied om dieper op die saak in te gaan.

Met die oog op die naderende oorlog het die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) geoordeel dat leerlinge in die geval van oorlog beter elders aangewend kon word. Daar is gevolglik op 3 Oktober 1899 besluit om alle staatskole en alle gesubsidieerde skole te sluit.¹ Op Heidelberg het T.A.H. Dönges, hoof van die dorpskool, aan dié besluit gehoor gegee.²

¹ Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Transvaalse Argiefbewaarpark (hierna TAB), Staatssekretaris, 8074, art. 908, 1899-10-03, pp. 15-16.

² J.R. Lynch & P.W.A. Mulder, Dönges, Theodor Amadeus Heinrich in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV* (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981), p. 141.

Nadat die Republikeinse hoofstede teen Junie 1900 ingeneem is, kon die Britse militêre owerhede nie onmiddellik aandag aan die onderwys skenk nie, aangesien militêre optrede voorrang geniet het.³ Om hulle verantwoordelikheid rakende die onderwys na te kom, moes die distrikskommissaris tot Oktober 1900 onderwysaangeleenthede in die verowerde gebiede behartig.⁴ Daarna het die militêre owerhede oorgeneem.

Die militêre owerhede kon nie 'n beter opvoedkundige as E.B. Sargant vind nie. Sargant was besonder kundig oor die onderwysstelsels in die Britse kolonies. Sedert sy aankoms op 6 November 1900 in Kaapstad het hy onverpoos gewerk om hom te vergewis van die toestand waarin die onderwys verkeer. Tydens sy besoek aan Transvaal het hy bevind dat die militêre owerhede min aandag aan die hagglike toestand van die onderwys geskenk het.⁵ Hy het ook bevind dat sake verder bemoeilik is deur klein privaatskole wat reeds in party konsentrasiekampe onderrig verskaf het.⁶ Daar kon nie vasgestel word of 'n soortgelyke privaatskool in die Heidelbergse konsentrasiekamp tot stand gekom het nie.

Die sukses wat by die Groenpuntkampskool in Kaapstad met tweetalige onderrig behaal is, het Sargant oortuig om ook in die "new Colonies", Transvaal en die Oranjerivierkolonie, kampskole tot stand te bring.⁷ In sy verslag aan genl.maj. J.G. Maxwell, Militêre Goewerneur in Pretoria, het hy aangevoer: *The institution of burgher camps, into which were collected almost the entire rural population of the Transvaal, offered a chance for education which could only have presented itself in connection with the singular developments of the present war.*⁸ Nadat hy 'n kampskool by Norvalspont opgerig het, het hy verdere soortgelyke skole in die Oranjerivierkolonie opgerig.⁹ Eers in Julie 1901 kon hy, as die Direkteur van Onderwys vir albei gebiede, sy volle aandag aan die onderwys in Transvaal skenk.¹⁰

Kampskole het wel reeds voor Julie 1901 in Transvaal bestaan. Die redes vir hulle ontstaan kan kortliks soos volg saamgevat word: Eerstens, uit 'n humanitêre oogpunt het die Britse owerhede die belangrikheid van skoolonderrig aan die

³ A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal* (Pretoria, Staatsdrukker, 1936), p. 55

⁴ F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, *Historiese Studies* 5(1), Maart 1944, p. 7.

⁵ J.C. Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937* (Pretoria, J.L. van Schaik, 1941), p. 72; A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936* (1936), p. 55.

⁶ J.C. Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937* (1941), p. 72.

⁷ A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936* (1936), pp. 56-57.

⁸ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Reports on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 170.

⁹ A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936* (1936), p. 57.

¹⁰ J.C. Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937* (1941), p. 73.

Boerekinders besef. Deur onderrig aan leerlinge te verskaf wat reeds byna agtien maande die gemis daarvan ervaar het, kon hulle baie mense ten gunste van die Britse saak en standpunt beïnvloed.¹¹ Tweedens het Sargant aan Maxwell verduidelik dat leerlinge op plase ver van die spoorlyn nog nooit deurlopende onderwys ontvang het nie. Dieselfde het vir leerlinge in die distrikte aangrensend aan die groot sentra tydens ploeg-, plant- en oestyd gegeld, wanneer skoolbywoning met ongeveer 18% gedaal het.¹² Dié tendens is ook tydens inspeksies in die tydperk van die dorpskool op Heidelberg deur die skoolinspekteurs in hulle verslae vermeld.¹³ Derdens is die instelling van kampskole verhaas deur versoeke van die militêre owerhede, distrikskommissarisse en kampsuperintendente, asook die uitdruklike begeerte van baie ouers wat die nodige onderrig vir hulle kinders verlang het.¹⁴ Vierdens, volgens die polities-ideologiese standpunte van die Britse imperialiste moes deur die onderrig van die kampkinders ’n poging aangewend word om die Britse taal en kultuur in die “new Colonies” te red en uit te bou. Engels as die oorheersende taal in die daaglikse onderrig in die kampskole sou die anglisasie van die Afrikaners en hulle assimilasië in die Britse kultuur bewerkstellig, wat uiteindelik vrede tussen die twee blanke rasse te weeg sou bring.¹⁵

Kamponderwys op Heidelberg begin

Om kamponderwys in Transvaal so gou moontlik te laat begin, het Sargant op 13 Maart 1901 van alle kampsuperintendente inligting oor alle beskikbare akkommodasie versoek. Die datum waarop die kampsuperintendent op Heidelberg reageer het, is nie bekend nie, maar hy het soos volg aan die Direkteur gerapporteer: *Schoolroom being erected; stone walls 6 feet; iron room. 30 feet by 18 feet inside measurement; forms, tables, and two windows not obtained yet.*¹⁶ Dié antwoord skep die indruk dat die oprigting van so ’n gebou reeds begin het. Uit die maandelikse

¹¹ F.C. Symington, *Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat* (1944), p. 12.

¹² NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 170.

¹³ NASA, TAB, Suid-Afrikaanse Republiek skoolinspeksieverslae 1896, ZAR 125, inspeksieverslag, 1896-06-24, p. 94. Tydens die inspeksie op 24 Junie 1896 het vier leerlinge uit ’n totaal van 121 nie skool bygewoon nie, omdat hulle arbeid op die plase moes verrig.

¹⁴ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 170.

¹⁵ P. Zietsman, *Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis*, in F. Pretorius (red.) *Verskroeië aarde* (Kaapstad, Human en Rousseau, 2001), pp. 90-93.

¹⁶ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Copy of circular telegram sent to all superintendents, no. 264, 1901-03-13. Antwoord op telegram deur superintendent, s.d., p. 33.

verslae oor die konsentrasiekamp op Heidelberg is dit nogtans duidelik dat hierdie gebou nie opgerig is nie.

Sargant het drie organiserende inspekteurs aangestel om die stigting van skole in die onderskeie kampe te bespoedig. Om hulle taak te vergemaklik, is aan elkeen 'n deel van die spoorwegstelsel toegewys. Aan J.H. Corbett is die verantwoordelikheid vir die organisasie van die kampskole op Heidelberg, Standerton en Volksrust langs die Natalspoorlyn opgedra.¹⁷ Dit was nadat Heidelberg reeds op 23 Junie 1900 deur die Britse magte beset en 'n konsentrasiekamp vir blankes teen Oktober 1900 daar opgerig is. Toe hy as inspekteur aangestel is, was Corbett reeds ongeveer vyf jaar in Suid-Afrika woonagtig. In dié tyd het hy Nederlands aangeleer en 'n ... *fairly good knowledge of Dutch character and customs* opgedoen.¹⁸

Corbett het op 7 April 1901 met sy werk op Heidelberg begin. Nadat hy die onderskeie kampskole in sy gebied besoek het, het hy sy waarnemings in 'n belangrike verslag aan die Direkteur saamgevat.¹⁹ Hiervolgens het die Heidelbergse kampskool in April 1901 tot stand gekom.

Corbett se eerste probleem was om 'n geskikte lokaal vir die skool te vind.²⁰ Distrikskommissaris, maj. J.M. Vallentin, het die Nederduitsch Hervormde gemeente op die dorp reeds in Maart genader vir die gebruik van hulle kerkgebou as skoollokaal. Op 19 Maart het 'n komitee van drie gemeentelede Vallentin geantwoord. In die lig van die afwesigheid van soveel burgers op die slagveld en omdat so 'n besluit aan die goedkeuring van al die broeders in die gemeente onderworpe was, kon hulle nie aan sy versoek voldoen nie.²¹ Corbett het daarop bevind dat die kerkgebou van die Gereformeerde gemeente as skoollokaal geskik sou wees. Na verskeie oordredingspogings het die konsulent, ds. M. Postma, uiteindelik ingestem. Vallentin het die ooreenkoms geëndosseer en aan Corbett toestemming verleen om ou sinkplate te kommandeer vir onder andere die oprigting van sanitêre geriewe.²²

¹⁷ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 170.

¹⁸ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 934, Verklaring van Corbett, 1901-12-23, p. 68.

¹⁹ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust and upon the Government Schools at Marthinus Wesselström and at the Nigel, 1901-08-04.

²⁰ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust and upon the Government Schools at Marthinus Wesselström and at the Nigel, 1901-08-04, p. 275.

²¹ Nederduitsch Hervormde Kerkargief Pretoria, G7, 1/1/1, H.J. Jacobs en andere aan major Vallentin, distrikskommissaris Heidelberg, 1901-03-19.

²² NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 275.

Om die opening van die skool te bespoedig, het die verkryging van meubelment dringend aandag geniet. Die tekort aan meubels het die onderwysowerhede verplig om die kerkbanke in lessenaars te omskep. Binne 'n paar dae het die skool geopen.²³

Uit die staanspoor is die kampskool deur goeie bywoningsyfers gekenmerk. Die skoolgangers het seuns en dogters van alle ouderdomme en selfs jong mans en vroue ingesluit. Aan die einde van die eerste week was daar reeds 250 leerlinge. Die getalle sou met verloop van tyd toeneem.²⁴

Die kampverslae van Sargant en Corbett

Tydens Corbett se verblyf op Heidelberg het hy die volgende waargeneem: Die gretigheid van veral ouer leerlinge om Engels te leer, die leerlinge se netheid, veral as die ongerieflike lewe in die tente in aanmerking geneem word, en hulle gehoorsaamheid, wat die onderwysers se taak aansienlik vergemaklik het. Dit het Corbett ook opgeval dat lyfstraf nie toegepas is nie²⁵

Suksesvolle onderrig het kort voor lank tot die opening van 'n aandskool vir mans gelei. Die mans het die klasse goed bygewoon totdat werk beskikbaar geword het. Dit het veroorsaak dat *many of the most promising pupils* weggerokkel is.²⁶

Corbett het ook die beskikbaarheid van akkommodasie in die kampskole onder die Direkteur se aandag gebring. Sedert sy vertrek van Heidelberg af het die getal leerlinge op register aanhoudend gestyg. Dit het hom verplig om vir meer ruimte voorsiening te maak. Benewens die Gereformeerde Kerk se gebou en twee groot markeetente, kon hy teen Augustus 1901 akkommodasie aan 340 leerlinge en agt onderwysers verskaf.²⁷

Swak skoolbesoek was 'n groot probleem. Corbett het in sy verslag sy teleurstelling hieroor uitgespreek. Die beleid van geen verpligte skoolbesoek was nogtans grootliks hiervoor verantwoordelik en Corbett het dit self voorgestaan. Volgens hom was dit merkwaardig dat 'n groot aantal van die leerlinge nooit in die verlede aan skoordisipline onderwerp was nie, maar nogtans het baie van hulle gereeld skool

²³ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 275.

²⁴ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 275.

²⁵ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), pp. 275, 276, 278.

²⁶ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 275.

²⁷ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 275, 277.

toe gekom. In die lig van die heersende toestande kon die instelling van verpligte skoolbesoek tot verdere griewe teen die Britse owerhede aanleiding gee. Dit kon ook daartoe lei dat politiek 'n vastrapplek in onderwysaangeleenthede verkry. Om dit te vermy, het Corbett hom beywer vir 'n beleid van geen politieke houvas op onderwys-aangeleenthede nie.²⁸

Met die stigting van die Heidelbergse kampskool in April 1901 het feitlik al die skole se getal inskrywings ooreengestem met die getal waarvoor daar voorsiening gemaak is. In Heidelberg het 250 leerlinge uit 'n totaal van 446 kampkinders ingeskryf. Die getal kinders in die kamp het in Augustus tot 991 vermeerder, waarna dit aan die einde van Maart 1902 geleidelik tot 897 gedaal het. Tog het die gemiddelde skoolbesoek gereeld minder as 50% van die aantal kinders in die kamp verteenwoordig. Hoewel die gemiddelde skoolbesoek per maand gereeld ongeveer 300 leerlinge beloop het, het dit met verloop van tyd saam met die inskrywings 'n geleidelike toename getoon. In Februarie 1902 het die syfers in Heidelberg 'n hoogtepunt bereik met 'n gereelde skoolbesoek van 465 en 'n totale inskrywing van 671 leerlinge.²⁹

Op 24 Julie 1901 het Sargant die verslae van Corbett en sy twee kollegas in een verslag saamgevat.³⁰ Hierdie verslag het vir die volgende twaalf maande die grondslag van die algemene onderwysbeleid in die kampskole gevorm.

Eerstens die kwessie van skoolbesoek. Corbett het eintlik met sy standpunt van geen verpligte onderwys die keuse vir vrywillige skoolbesoek aan die kampkinders van skoolgaande ouderdom oorgelaat. Talle van hierdie skoolgaande kinders kon moontlik gevoel het dat hulle skoolloopbaan feitlik iets van die verlede was en dus besluit het om nie meer skool by te woon nie. Ook was die kampinwoners agterdochtig teenoor die Britte. Vir baie van die kampinwoners was gratis onderwys niks anders as 'n slenter nie, aangesien glo van die ouers verwag sou word om na die oorlog die agterstallige skoolgeld teen £5 per maand terug te betaal.³¹ In hierdie verband kon Sargant aan Maxwell rapporteer dat hulle hul deurlopend daarvoor beywer het om 'n gevoel van wedersydse vertroue tussen die kampinwoners en die dorpenaars, onder wie daar 'n hele aantal lojale Britse onderdane was, te bewerkstellig. Namate die twee groepe mekaar meer begin vertrou het, het die daaglikse skoolbesoek ook verbeter.³²

²⁸ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), pp. 276-277.

²⁹ NASA, TAB, DBC 14, Maandverslag Heidelbergkamp, Junie 1901, p. 4; DBC 12, Februarie 1902, pp. 2-3.

³⁰ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, 1901-07-24, pp. 170-174.

³¹ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 276.

³² NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps, from Director of Education, 1901-07-24, p. 171.

Corbett het die redes vir die swak skoolbywoning soos volg saamgevat: ... *the indifference of the back-country Boer to anything which is grossly material, the wandering, the listless habits in which the children are bred on the veldt: dislike of the restraint which regular occupation imposes.*³³ Die belangrikste rede vir die lae skoolbywoning in die Heidelbergse kampskool was seker die ernstige maselepidemie tydens die ysige winter van 1901 wat tot baie sterftes gelei het. Die situasie het teen Julie daardie jaar sodanige kritieke afmetinge aangeneem dat die kampsuperintendent, A.A. Allison, verplig was om die skool op 15 Julie tydelik te sluit.³⁴

’n Tweede probleem met die kampskole was die behoefte aan goed opgeleide en ervare onderwysers. Sargant het besef dat geslaagde onderrig in die kampskole toegewyde leerkragte vereis.³⁵ Die oorgrote meerderheid onderwysers in die kampskole het oor geen professionele kwalifikasies beskik nie en het merendeels uit die geleedere van die kampinwoners gekom. ’n Groot persentasie van dié onderwysers het nie voldoende kennis van Engels gehad nie. Tog het Corbett daarin geslaag om die dienste van agt professioneel gekwalifiseerde onderwysers in die Heidelbergstreek te verseker. Dit was vir hom belangrik dat onderwysers tweetalig moes wees en die Boere se geaardheid goed moes ken. Sonder laasgenoemde kennis sou hulle onderrig van nul en gener waarde wees, al was hulle deeglik opgelei.³⁶ Sargant het die waarde van die onopgeleide onderwyser nie onderskat nie. Aangesien die meeste van die leerlinge in die kampskole se standaard egter laer as die aanvaarde norm was, het dié onopgeleide personeel tog oor voldoende kennis beskik om te onderrig. Die onopgeleide personeel het bewys dat goeie resultate wel onder die regte leiding van ervare hoofde moontlik was.³⁷ Corbett het ook besef dat die dienste van opgeleide manlike onderwysers onontbeerlik was. Die probleem het hy reeds in sy streek ondervind toe twee manlike leerkragte uit die onderwys bedank het omdat hulle elders beter besoldiging kon verkry.³⁸

³³ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 276.

³⁴ Konsentrasiekampverslag, Julie 1901, p. 234.

³⁵ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 171.

³⁶ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 276.

³⁷ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 171.

³⁸ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 276.

Die kampskool op Heidelberg het in April 1901 geopen met 'n personeel van agt leerkrigte wat uit 'n hoof (manlik) en sewe vroulike assistente bestaan het.³⁹ Dit was waarskynlik dieselfde personeel wat twee maande die personeel gevorm het, naamlik J.T. Taylor (hoof) en mejj. M. de Beer, R. de Beer, Marais, Ueckermann, Snyman, Groesbeek en Bantjes.⁴⁰ Die getal het met verloop van tyd tot elf vermeerder. In Februarie 1902 het die personeel bestaan uit 'n hoof (manlik), twee vroulike assistente uit Engeland en agt plaaslike vroulike assistente.⁴¹ Die aanstelling van C.F. Laugier as hoof van die kampskool op Heidelberg het dr. Kendal Franks nie welgeval nie. Sover vasgestel kon word, is Franks die enigste persoon wat na Lingher verwys. Volgens inligting wat hy ontvang het, was Laugier 'n "Colonial Dutchman". Dit was Laugier beslis nie. *The Heidelberg News* van 15 November 1901 stel die feite reg. Laugier het sy onderwysopleiding in Victoria, Australië ontvang, bekend vir sy stelsel van vry en verpligte onderwys. Franks, ere-konsulterende chirurg vir die Britse magte in Suid-Afrika, het die konsentrasiekampe in opdrag van lord Kitchener besoek en op 7 September 1901 die kamp op Heidelberg bereik. As 'n lojale Brit het hy sy gedagtes oor die aanstelling van skoolhoofde soos volg bewoord: ... *I think that it would be advisable that the headmaster in all the schools in the burgher camps should be a loyal Britisher, and, if possible, at least half of his assistants should be the same.*⁴²

Die geval Laugier is op 'n inspekteursvergadering van 17 September 1901 verder gevoer. Corbett het sy ontevredenheid met Laugier as skoolhoof op die vergadering te kenne gegee.⁴³ Tydens 'n vorige inspekteursvergadering op 16 Augustus het hy gesê dat hy eers 'n onderhoud met Laugier wou voer. Die gedagte van skoolgeldheffende skole (fee-paying schools) het op hierdie vergadering ter sprake gekom. Dit was die rede vir onderhoudvoering voordat hy ander name vir die hoofskap van so 'n skool op Heidelberg sou voorstel.⁴⁴ Corbett het Laugier nie as 'n geskikte hoof

³⁹ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 277; DBC 14, kampverslag vir Junie 1901, p.4, opgestel deur A.A. Allison. In die verslag meld hy 'n skoolpersoneel van een hoof en vyf assistente. Dit is beslis nie korrek nie; DBC 14, in 'n verslag oor konsentrasiekamp op Heidelberg, opgestel deur dr. Kendal Franks, 1901-09-07, p. 5, meld Franks 'n personeel van agt onderwysers, waarvan sewe dames was.

⁴⁰ F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en die Oranje Vrystaat, *Historiese Studies* 5(1) Maart 1944, p. 69.

⁴¹ NASA, TAB, DBC 12, Maandelikse verslag konsentrasiekamp op Heidelberg, Februarie 1902, p. 2.

⁴² NASA, DBC 14, Verslag oor konsentrasiekamp op Heidelberg opgestel deur dr. Kendal Franks, 1901-09-07, pp. 4-5.

⁴³ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS5923/01, Notule tweede inspekteurskonferensie, eerste sessie, 1901-09-17, p. 1

⁴⁴ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule eerste inspekteurskonferensie, vierde sessie, 1901-08-16, item 1.

beskou nie. Vervolgens het Sargant aan die vergadering bekend gemaak dat die Onderwysdepartement reeds met ene Durie oor die hoofskap op Heidelberg in gesprek getree het.⁴⁵ Die onderhandelings met Durie het egter op niks uitgeloopt nie.

Laugier was tot minstens aan die einde van 1901 hoof van die kampskool. Uit die verslag van die Dameskommissie van Millicent Fawcett oor die Heidelbergse konsentrasiekamp, blyk dit Laugier tydens hulle besoek in November die kampskool steeds as hoof saam met agt vroulike assistente bestuur het.⁴⁶ In *The Heidelberg News* van 6 Desember 1901 het egter 'n berig verskyn dat Laugier "marching orders" ontvang het.⁴⁷ Die koerant van 20 Desember 1901 het berig dat ene Berkshire van die Nigel Government School as hoof van die kampskool op Heidelberg aangestel is. Nogtans het 'n brief van Laugier in dieselfde uitgawe verskyn waarin hy teen die berig van 6 Desember beswaar gemaak het. Hy het die koerant versoek om hulle verklaring terug te trek, aangesien dit 'n verkeerde indruk by die lesers sou skep.⁴⁸ Dit is onseker wanneer die saak opgelos is, maar uit die beriggewing van 11 April 1902 blyk dit dat Berkshire toe reeds as hoof van die kampskool werksaam was.⁴⁹

Deur goed opgeleide onderwysers in Brittanje en dele van die Britse Ryk te werf, kon Sargant die onderwyspeil verhoog en die tekort aan onderwysers verminder. Tydens die tweede inspekteurskonferensie op 17 September 1901 het hy die vergadering meegedeel dat die Hoë Kommissaris, lord Alfred Milner, 'n telegram in dié verband na Engeland gestuur het waarin 25 onderwysers per maand aangevra word om hulle dienste vir vier maande vrywillig aan die kampskole beskikbaar te stel.⁵⁰ Meer as 200 onderwysers van wie die meeste dames was, het dan ook in die eerste maande van 1902 hier aangekom.⁵¹ Teen April 1902 het vyf onderwyseresse uit Engeland, naamlik mejj. Lawson, Starbuck, Pamphlet, Robertson en Willet, reeds in die Heidelbergse kampskool onderrig gegee.⁵²

Sargant het in Oktober 1901 'n lys uit Engeland aangevra met die name van sestiens persone wat in Suid-Afrika as onderwysers en inspekteurs wou diens doen. Hy wou een van hulle, 'n mej. Bone, op Heidelberg as hoof "Mistress of method"

⁴⁵ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS5923/01, Notule tweede inspekteurskonferensie, eerste sessie, 1901-09-17, p. 1.

⁴⁶ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 893, Report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22 November 1901, p. 187.

⁴⁷ Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, Notes and News, *The Heidelberg News*, 1901-12-06.

⁴⁸ Local and general, correspondence, *The Heidelberg News*, 1901-12-20.

⁴⁹ Our schools – after the Easter Holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11.

⁵⁰ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS5923/01, Notule tweede inspekteurskonferensie, eerste sessie, 1901-09-17, p. 2

⁵¹ J.C. Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937* (1941), p. 73.

⁵² Our schools – after the Easter Holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11.

aanstel.⁵³ Bone kon die pos eers in Julie 1902 aanvaar. Hiermee het die owerhede nie saamgestem nie en die pos is aan Mary Livingstone aangebied.⁵⁴ Of Livingstone wel in Suid-Afrika aangekom het, kon nie vasgestel word nie.

’n Derde aspek van Sargant se onderwysbeleid vir die kampskole was die belangrikheid van die leerplan. Toe die kampskole ontstaan het, was daar nie ’n vasgestelde leerplan nie. Die inspekteurs het hulle op ’n vergadering op 14 Oktober 1901 ten gunste van die Kaapse kode uitgespreek omrede eerstens, die bekendheid daarvan, en tweedens, die Onderwysdepartement se vol program om die oprigting en ontwikkeling van die kampskole te bespoedig.⁵⁵

Aanvanklik het die kampskole die mees elementêre vakke, “the three R’s”, te wete “reading, writing and arithmetic”, asook sang en “musical drill” aangebied. Onderrig het hoofsaaklik in Engels geskied. Sargant het in sy verslag van 24 Julie ’n goeie kennis van Engels as ’n vereiste gestel indien die onderwysers in beheer van klasse wou wees.⁵⁶ Hiervolgens sou die onderrig van Engels as die belangrikste vak die meeste aandag geniet. Indien kandidate hulle voorberei het om die eksamen van die Kaapse Universiteit in Nederlands of enige ander moderne taal af te lê, het die onderwysowerhede dit nogtans goedgekeur.⁵⁷

Die inspekteurs het die onderrig van “English grammar” op hulle vergadering van 14 Oktober nie so belangrik geag nie. Leerkrigte kon die aanleer van Engels bevorder deur mondelinge of geskrewe opstelle oor prente aan die leerlinge te toon of oor alledaagse onderwerpe wat binne hulle ervaringsveld val.⁵⁸ Die skoolinspekteurs het op hulle beurt die leerlinge se kennis van Engels as norm vir die indeling van klasse gebruik. Sargant het hierdie reëling goedgekeur. Om te voorkom dat van die ouer leerlinge wat oor ’n gebrekkige kennis van Engels beskik het, saam met die “infants” geklassifiseer word, het hy aanbeveel dat die ouer leerlinge saam in klasse geplaas word om hulle so vinnig as wat moontlik is, te laat vorder.⁵⁹ ’n Uitsondering is in die

⁵³ F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, *Historiese Studies* 5(1), Maart 1944, p. 69. Symington verwys na die dokumente in die argief van die Colonial Secretary, 5788, 1901-10-23.

⁵⁴ NASA, TAB, FK 951, Colonial Office (CO) 291/38, vol. 3, 1902, Telegram High Commissioner, Lord Milner to Chamberlain, 1902-04-01, p. 418; Letter to Miss Bone, 1902-04-03, p. 419.

⁵⁵ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14, item 2.

⁵⁶ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 172.

⁵⁷ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14, item 2.

⁵⁸ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14, item 2.

⁵⁹ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS2834/02, Notule skoolinspekteursvergadering, 1902-03-18, item 8, p. 4.

geval van godsdiensoonderrig gemaak deur die aanbieding daarvan in Nederlands te laat geskied.⁶⁰ Volgens die voorskrifte wat aan skoolhoofde gestuur is, moes hulle die ouers en die leraars behulpsaam wees ... *to prepare the children to become full members of the church to which their parents belong*.⁶¹ Hieroor kon die inspekteurs rapporteer dat die onderrig van godsdien in Nederlands geen probleme opgelewer het nie, maar dat van die ouers die aanbieding daarvan ook in Engels sou verwelkom.⁶² Die onderrig van geskiedenis as vak het ook opgeduik. Die inspekteurs se mening hieroor ... *was unanimous as to the undesirability at the present of dealing with this subject*.⁶³ Geskiedenis as vak is nie in die kampskole toegelaat nie. Dit blyk uit die voorskrifte aan skoolhoofde dat ... *the history of South Africa is best left untaught at present...to avoid political questions*.⁶⁴ Tog het die inspekteurs saamgestem dat wêreldgeskiedenis 'n baie goeie vak sou wees om te bestudeer, in die lig van navorsing, handel en kolonisasie.⁶⁵

Ook die aanbieding van aardrykskunde as vak het onder die soeklig gekom. Die leerlinge moes volgens die inspekteurs by skoolverlating besef dat die twee voormalige Republieke nie net 'n baie klein deel van die heelal uitmaak nie, maar dat hulle handels- en ander belange in vergelyking met die res van die wêreld uiters gering was.⁶⁶

'n Geslaagde leerplan vereis 'n doeltreffende rooster. Die roosters kon nietemin nie te rigied wees nie, omdat hulle by die omstandighede moes aanpas. Die hoofde van kampskole moes elk hulle eie reëlings tref, onderworpe aan die inspekteur se goedkeuring. Die meeste kampskole in Transvaal het net een sessie per skooldag ingevoer.⁶⁷ Godsdiensoonderrig is gewoonlik vir die eerste halfuur van die dag

⁶⁰ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 172.

⁶¹ F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, *Historiese Studies* 5(1), Maart 1944, p. 18. Symington verwys na Cd. 549, p. 71.

⁶² NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14, item 2.

⁶³ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS 4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14, item 2.

⁶⁴ F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, *Historiese Studies* 5(1), Maart 1944, p. 18. Symington verwys na Cd. 549, p. 71.

⁶⁵ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14, item 2.

⁶⁶ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14, item 2.

⁶⁷ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report on Schools in Burgher Camps from Director of Education, 1901-07-24, p. 172.

geskeduleer.⁶⁸ In die geval van die kampschool op Heidelberg het die skooldag van 08:30 tot 13:00 gestrek.⁶⁹

Laugier het swak voorbereiding en sy personeel se onkunde tydens hulle besoek in November 1901 onder die Dameskommissie se aandag gebring. Een van die onderwysers wat 'n les in aardrykskunde aangebied het, het nie eers geweet waar Australië op 'n kaart is nie. Dieselfde persoon het by die beantwoording van 'n vraag oor die hoofstad van Ysland, die antwoord "Danish" verstrekk en dié woord dwars oor Ysland op die kaart geskryf.⁷⁰ In sy verslag oor die gehalte van onderwys in die kamp op Heidelberg, het kapt. N. Bentick, inspekteur van kampe, op 23 Desember 1901 geskryf dat die aankoms van onderwysers uit Engeland as stimulasie sou dien, aangesien ... *at present there seemed to be a lack of life in the instruction.*⁷¹

Aanvanklik was die metodiek in die kampskole gebrekkig as gevolg van onopgeleide en onervare onderwysers en 'n tekort aan hulpmiddels en verbruikbare materiaal. Chroniese tekorte het veroorsaak dat onderwysers in hulle metodiek meer op die mondelinge aanbidding konsentreer het, wat tot passiwiteit onder die leerlinge gelei het. Die aanstelling van beter gekwalifiseerde en ervare onderwysers uit Engeland het tot 'n verbetering in gehalte-onderwys gelei. Hiermee saam het die aanwending van 'n doeltreffender metodiek en die geredeliker beskikbaarheid van skrifte en boeke 'n heilsame uitwerking op die verloop van onderwys in die kampskole gehad.⁷²

Op Heidelberg het die Gereformeerde Kerkgebou en twee groot markeetente aanvanklik voldoende akkommodasie aan 340 leerlinge en agt onderwysers verskaf⁷³ ((**Figuur 1**). Met die toename in getalle het die lokale te klein geword. Om die probleem op te los, is 'n groot afdak wat minstens 500 leerlinge kon huisves teen Oktober 1901 in die kamp opgerig.⁷⁴ Die toestand van die markeetente het intussen so verswak dat dit nie meer behoorlike ruimte aan die leerlinge kon bied nie. Bentick het tydens sy inspeksie in Desember bevind dat meer banke nodig is.⁷⁵

⁶⁸ F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, *Historiese Studies* 5(1), Maart 1944, p. 23.

⁶⁹ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 277.

⁷⁰ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 893, Report on Concentration Camp Heidelberg by Ladies Commission, 21-22 November 1901, p. 187.

⁷¹ NASA, TAB, DBC 11, Verslag oor konsentrasiekamp op Heidelberg opgestel deur kapt. W. Bentinck, 1901-12-23, p. 4.

⁷² F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, *Historiese Studies* 5(1), Maart 1944, p. 21.

⁷³ NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd. 819, Report upon the Burgher Camp Schools at Heidelberg, Standerton, Volksrust... (1901-08-04), p. 277.

⁷⁴ NASA, TAB, DBC 11, Konsentrasiekampverslag opgestel deur A.A. Allison, Oktober 1901, pp. 3-4.

⁷⁵ NASA, TAB, DBC 12, Konsentrasiekampverslag opgestel deur kapt. W. Bentinck, 1901-12-23, p. 4.



Figuur 1: Die Gereformeerde Kerkgebou op Heidelberg het in 1901-1902 as kampskool vir ongeveer 250 konsentrasiekampkinders gedien.

Hierdie foto is in 1901 geneem.

(Foto: Private versameling, met erkenning aan dr. C.C. Momberg, Heidelberg)

Met die groot toename in getalle aan die begin van 1902 het die gesondheidsinspekteur, W.F. Curry, bevind dat die oopheid van die “Grand Stand” (waarskynlik die groot afdak in die kamp) uit ’n gesondheidsoogpunt voldoende vars lug of ventilasie verskaf. Dit was onseker of so ’n “Grand Stand” tydens die strawwe wintermaande geskik sou wees.⁷⁶ Met sy inspeksie in Maart 1902 het maj. W. Anstruther Thomson aanbeveel dat die afdak en die tente deur sinkgeboue of nuwe tente vervang word. Veral die afdak het hom bekommer, aangesien Maart nog in die reënseisoen val. Tydens reënbuie kon die afdak nie aan ’n groot getal leerlinge skuiling bied nie.⁷⁷ Aan sy versoek om die oprigting van nuwe markeetente is spoedig voldoen. Hieroor het hy sy tevredenheid in ’n verslag te kenne gegee.⁷⁸

⁷⁶ NASA, TAB, DBC 12, Report by sanitary inspector W.F. Curry, 1902-02-17, p. 2.

⁷⁷ NASA, TAB, DBC 12, Report by major A. Thomson, inspector Burgher Camps, 1902-03-06, p. 2.

⁷⁸ NASA, TAB, DBC 12, Report by major A. Thomson, inspector Burgher Camps, 1902-05-01, p. 1.

***The Heidelberg News* en die kampskool**

The Heidelberg News het op 15 November 1901 die eerste berig oor die lewe in die kamp en kampskool gepubliseer. Verdere beriggewing oor die kampskool en die privaatskole op Heidelberg het in 1902 gevolg.

Die redaksie het in die uitgawe van 15 November ’n berig oor sy besoek aan die kampskool soos volg ingelei: *One of the pleasantest features of life in the burgher camp is the schooling of the children.*⁷⁹ Geoordeel hieraan blyk dit dat die jong, toegewyde onderwyseresse in die kampskool die oordra van kennis en die handhawing van dissipline vooropgestel het. Die skooldag het daaglik met godsdienoefening begin, gevolg deur Bybelonderrig in Nederlands. Terselfdertyd het gewyde sang in Engels plaasgevind. Hierna het die res van die skooldag se onderrig in Engels gevolg. In dié stadium het die leerlinge merkwaardige vordering met die Engelse taal, rekenkunde en skryfkuns getoon. Dit was ses leerkragte se taak om behoorlike aandag aan 300 leerlinge te gee. Van die onderwysers het sestig tot sewentig leerlinge in ’n groep onderrig en dit het soms gebeur dat kinders nie die nodige aandag gekry het nie. As drie tot vier onderwysers saam met ’n paar honderd leerlinge in een lokaal saamgetrek was, het dit die taak van hierdie jong onderwyseresse sekerlik bemoeilik. Tog het die hoof, Laugier, wie se tyd hoofsaaklik deur organisasie in beslag geneem is, by geleentheid tyd ingeruim om die onderwyseresse by te staan. Die koerant het ook die geleentheid gebruik om die waarde van die kampskool uit te lig, te wete: *...many a young Boer (that is Boer Britisher) of the future will, we feel sure, make exceedingly good use of the scant training received in his canvass Alma Mater on the outskirts of Heidelberg.*⁸⁰

The Heidelberg News het ook die lief en leed van die kampskool meegemaak toe hy oor die begrafnis van die leerling Benjamin J.J. van Rensburg berig het. Benjamin is op 11 November 1901 in die kamphospitaal aan koors oorlede. Sy wens is eerbiedig dat die leerlinge sy begrafnis bywoon en dié liedere sing wat hulle die laaste keer saamgesing het. Die liedere wat tydens die optog na die graf gesing is, was, naamlik “Safe in the arms of Jesus”, “There’s a beautiful land high” en “Come to the Saviour.”⁸¹

Hoewel Engelse geestelike liedere op Benjamin se begrafnis met die toestemming van die oorledene se ouers gesing is, het talle ouers die sing van vreemde godsdienliedere afgekeur. Sargant het in sy brief van verwelkoming aan die Britse

⁷⁹ Heidelberg Refugee Camp, *The Heidelberg News*, 1901-11-15.

⁸⁰ Heidelberg Refugee Camp, *The Heidelberg News*, 1901-11-15.

⁸¹ Heidelberg Refugee Camp, *The Heidelberg News*, 1901-11-15.

onderwysers op die gevolge gewys indien die Engelse Bybel sonder die ouers se medewete tydens godsdiensoonderrig gebruik word. Sodanige optrede sou niks anders wees nie as ...*to divide a house against itself*.⁸²

The Heidelberg News het die kampskool weer in April 1902 besoek en sy bevindings in die uitgawe van 11 April gepubliseer. Die koerant het eerstens die Gereformeerde Kerkgebou besoek en gevind dat dit met meer as 250 leerlinge volgeprop is. Hier het die hoof, Berkshire, en ses onderwyseresse onderrig aan die leerlinge verskaf, te wete mejj. De Beer, Arthur, Bantjes, Groesbeek, Lawson en Starbuck. Laasgenoemde twee leerkrigte was uit Engeland afkomstig. Daarna het die verslaggewers na die res van die kampskool beweeg wat in tente oorkant die Brickfieldspruit gehuisves was. Hier het hulle bevind dat meer as 500 leerlinge in vier groot tente saamgetrek het. Vir die naderende verslaggewers het die leerlinge se bene wat aan die onderkant van die tente uitgesteek het omdat die seile rondom ter wille van ventilasie opgerol was, baie komies gelyk. Dit het hulle laat dink aan 'n groot hen wat al haar kuikens onder haar vlerke skuiling bied, terwyl die bene onder uitsteek. In die tente het mejj. Davies, Kath, Pamphlet, Robertson, Willett en Pickard onderrig gegee. Laasgenoemde vier onderwyseresse, wat ook uit Engeland afkomstig was, het die getal Engelse leerkrigte in die kampskool op ses te staan gebring.⁸³

Die verslaggewers het terselfdertyd opgemerk dat die skool se voorrade van die beste gehalte was. Selfs die hoeke van die leie se rame is met materiaal omsom om lawaai te voorkom as die leerlinge hulle per ongeluk laat val.⁸⁴

Rakende die leerplan het hulle verskeie aspekte waargeneem. Naaldwerk het 'n deel van die leerplan gevorm. Die dogters het tydens skoolure hierin onderrig ontvang. Daarby het die dames ook spesiale naaldwerkklasse gegee aan die ouer dogters wat nie skool bygewoon het nie. Dit het die verslaggewers beïndruk, maar dit was veral die leerlinge se pragtige vordering in die Engelse taal wat die kroon gespan het.⁸⁵

Die toestande binne die tente het die verslaggewers nie beïndruk nie. Veral die hitte, wat hulle as "broeiend" beskryf het, was kommerwekkend. As dit die geval was tydens 'n herfsdag in April, het hulle hulle afgevra, wat moes die temperatuur in die middel van die somer nie gewees het nie? Hulle is nogtans verseker dat beter tente binne 'n paar dae beskikbaar sou wees, terwyl die moontlikheid bestaan het dat die tente spoedig vir geboue plek sou maak.⁸⁶

⁸² NASA, TAB, FK 602, Colonial Office, 3462, Sargant – Britse onderwysers, 1901-12-31.

⁸³ Our schools – after the Easter holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11.

⁸⁴ Our schools – after the Easter holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11

⁸⁵ Our schools – after the Easter holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11.

⁸⁶ Our schools – after the Easter holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11.

Die oprigting van die geboue het geblyk wensdenkery te wees. Hieroor het *The Heidelberg News* op 7 Maart 1902 tong-in-die-kies gerapporteer dat die nuwe geboue vir die kampskool op pad is en dan tussen hakies bygevoeg: *So is Christmas*.⁸⁷

Tydens die skoolinspekteursvergadering van 18 Maart 1902 is planne vir die vervaardiging van “new school shelters for the winter” uit hout en staal bespreek. Nadat die Public Works Department spesifikasies hiervoor uitgewerk het, is dit op die vergadering vir oorweging aan die skoolinspekteurs voorgelê. Na die bespreking het inspekteur J.F. Acheson tien “shelters” vir Heidelberg aangevra.⁸⁸ Hierdie “shelters” het Heidelberg nooit bereik nie.

Onderrig in die kampskool het nie in ideale omstandighede geskied nie. Wanneer vier leerkrigte vier groepe gelyktydig in een oorvol tent moes onderrig, moes dit tog elke leerkrig se aanbieding beïnvloed het. Voeg hierby die leerlinge se geselsery en rustelose geskuiwel, die ondraaglike hitte in die somer en moedswillige leerlinge wat weier om hulle aan gesag te onderwerp. Die leerkrigte moes dié uitdagings gemotiveerd en voorbereid die hoof bied.

Ander skole maak hulle verskyning

Benewens die kampskool het ander skole ook tydens die oorlog hulle verskyning op Heidelberg gemaak. Eerstens het die stigting van “vrye” of “skoolgeldheffende” skole (fee-paying schools) in Transvaal ook hierdie dorp in Oktober 1901 en Maart 1902 betrek.⁸⁹ Reeds op die eerste inspekteurskonferensie van 14 tot 16 Augustus 1901 het Corbett die gedagte aan ’n skoolgeldheffende skool op Heidelberg geopper. Op dié tydstip het skoolgeldheffende skole reeds op Middelburg en Potchefstroom bestaan, maar nie op Heidelberg nie.⁹⁰ Met die hervatting van die konferensie op 16 Augustus het die inspekteurs saamgestem dat die Regering nie voor Oktober sulke skole moes oorneem of nuwes moes stig nie.⁹¹ Tydens die tweede inspekteurskonferensie in September het Corbett sy skatting van getalle vir die stigting van so ’n skool op die dorp verstrekk – sestig leerlinge en twee onderwysers.⁹²

⁸⁷ It is said. . . , *The Heidelberg News*, 1902-03-07.

⁸⁸ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS2834/02, notule skoolinspekteursvergadering, 1902-03-18, item 5.


⁸⁹ J.C. Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937* (1941), p. 74.

⁹⁰ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule eerste inspekteurskonferensie, derde sessie, 1901-08-14, item 1.

⁹¹ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule eerste inspekteurskonferensie, vierde sessie, 1901-08-16, item 1.

⁹² NASA, TAB, Colonial Secretary, CS5923/01, Notule tweede inspekteurskonferensie, eerste sessie, 1901-09-17, item 1.

In Oktober 1901 het Corbett tydens die derde inspekteurskonferensie bekend gemaak dat ’n “skoolgeldheffende” skool met 25 leerlinge op 9 Oktober in die Gouvernement School geopen het (**Figuur 2**).



Figuur 2: Die Gouvernment School op Heidelberg wat in ongeveer 1895 voltooi is. Ná die Anglo-Boereoorlog het dit – met Engels as voertaal – as die Public School bekend gestaan.

In 1966 het ’n brand die gebou heeltemal verwoes.

(Foto: Private versameling, met erkenning aan dr. C.C. Momberg, Heidelberg)

Aangesien geen permanente hoof aangestel is nie, het Corbett twee onderwyseresse van die kampskool, mejj. Ueckermann en Snyman, daarheen oorgeplaas.⁹³ Op 21 Februarie 1902 berig *The Heidelberg News* dat die skool besig was om geleidelik van ’n Nederlandssprekende in ’n Engelssprekende skool oor te gaan. Terselfdertyd het die redaksie die vertroue uitgespreek dat die Engelssprekende ouers sou meewerk om die gedaantewisseling te voltooi deur hulle kinders daarheen te stuur.⁹⁴ ’n Week later berig dieselfde koerant oor die aanstelling van hoogs gekwalifiseerde personeel. As hoof is Alex Stephen aangestel. Hy het oor ’n meestersgraad van die Universiteit

⁹³ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule derde inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-10-14; Heidelberg Public School, *The Heidelberg News*, 1902-02-28.

⁹⁴ It is said..., *The Heidelberg News*, 1902-02-21.

van Glasgow beskik. Een van die assistente, Arthur Stead, het 'n B.Sc.-graad aan die Universiteit van Victoria, Australië behaal. Die ander assistent, mej. Snyman, was bekend aan die gemeenskap.

Die leerplan wat aan die skoolgeldheffende skole gevolg is, het al die gewone elementêre vakke soos naaldwerk, tekene, sang en drill ingesluit. Die bedoeling met dié skole was om steeds die leerlinge vir die Kaapse universiteitseksamens voor te berei. Onderrig het slegs in Engels geskied, terwyl die ouers 'n taalkeuse van Nederlands of Engels by godsdiensoonderrig kon uitoefen. In Februarie 1902 is die skoolgeld op die volgende bedrae per kwartaal, vooruitbetaalbaar, vasgestel: Standaard IV en hoër £1.10 en standaard III en laer 15s.⁹⁵

Uit gegewens wat later deur ds. Louw verskaf is, wil dit voorkom of die skoolgeldheffende skool hoofsaaklik die kinders van die “vooraanstaandes” van die dorp betrek het. Volgens Louw het hierdie groep meesal Engelse of Engelsgesindes ingesluit wat hulle kommandoplig ontduik het en liefs wou tuis bly om geld te maak.⁹⁶ Uit hierdie skool het die Engelse hoërskool op Heidelberg later ontwikkel.⁹⁷

Tweedens het “vrye” skole (free schools) in al die belangrikste sentra langs die spoorlyn en verafgeleë plekke verskyn. Soos in die kampskole het die onderwys aan die elementêre gegrens en selde verder as standaard III gestrek.⁹⁸ Talle kinders van “refugees” het hierdie “vrye” dorpskole bygewoon. Die inspekteurs het ook gevind dat geen wesenlike verskil tussen die personeel van die “vrye” dorpskole en die kampskole bestaan nie.⁹⁹

Op Heidelberg het so 'n “vrye” skool wat gratis onderwys aangebied het, op 3 Maart 1902 op erf 216 tot stand gekom. Die skool het begin onder die beheer van mej. De Beer wat van die kampskool af daarheen oorgeplaas is. Meer as honderd dorpsleerlinge wat tot op gemelde datum die kampskool bygewoon het, sou voortaan hulle onderrig in die “vrye” skool ontvang, terwyl die kampskool slegs vir die kampkinders toeganklik was. Volgens T.A.H. Dönges het die “vrye skool” as die “poor school” bekend gestaan, aangesien hierdie skool meer op die arm kinders gerig was. J.H.F. Schraader het teen hierdie benaming ernstig beswaar gemaak, ... *want Engelse*

⁹⁵ It is said..., *The Heidelberg News*, 1902-02-28.

⁹⁶ Gegewens oor onderwys op Heidelberg soos verstrekk aan ds. A.J. Louw aan P. Joubert, hoof van die Volksskool Heidelberg, 1934-03-20, p. 3.

⁹⁷ Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria* (Pretoria, Craft Pers, 1976), p. 67.

⁹⁸ J.C. Coetzee, *Onderwys in Transvaal, 1838-1937* (1941), p. 74.

⁹⁹ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS5923/01, Notule tweede inspekteurskonferensie, eerste sessie, 1901-09-17, item 2.

het ook hierdie skool bygewoon.¹⁰⁰ S.P. Chapman, wat sy opleiding in Londen ontvang het, is as hoof aangestel. Hy het reeds oor veertien jaar se onderwyservaring beskik en is spesiaal deur die Onderwysdepartement by White Hall in Londen na Transvaal gestuur.¹⁰¹

Vier personeellede het in April 1902 die onderrig van tussen 170 en 180 leerlinge verbonde aan die “vrye” dorpskool op Heidelberg behartig. *The Heidelberg News* verstrek geen redes vir die verdeling van die leerlinge in twee groepe nie. ’n Gebrek aan akkommodasie en die groot getal leerlinge moes veroorsaak het dat een groep in die Nederduitsch Hervormde Kerkgebou en die ander in die kelder van die Klipkerk onderrig ontvang het. In die Hervormde Kerkgebou waar die hoër standerds (upper section) byeengekom het, het Chapman en mej. De Beer alles gereed gemaak om met die werk te begin. Die laer standerds (lower section) het in die kelder van die Klipkerk byeengekom, waar mej. Evers en ’n mej. E. de Beer die leiding geneem het. In dié stadium het ’n tekort aan lessenaars en voorrade onderrig gekortwiek, maar die verwagting het bestaan dat dit hulle spoedig sou bereik. Ten spyte van die tekorte rapporteer die koerant oor die leerlinge soos volg: *The youngsters look bright and well.*¹⁰²

Derdens was een van Sargant se suksesse tydens die kampskooltydperk op Heidelberg sekerlik die instelling van ’n aandskool vir volwasse kampbewoners. Die bywoning was spoedig uitstekend. Ongeveer 35 volwassenes, waaronder grysaards, het die skool bygewoon. Hierdie mense se gretigheid om Engels aan te leer, het Corbett verras.¹⁰³

Vierdens het *The Heidelberg News* tydens sy besoek aan die kampskool in April 1902 ook verskeie privaatskole ontdek. Die skool van madame Pohl het in die Waverley Hotel aan ongeveer dertig leerlinge onderrig gebied. Die verslaggewers het by die woonhuis van Leonard de Beer nog ’n skool ontdek waar 25 leerlinge onderrig ontvang het by ene mevrou De Beer, ’n Engelse dame wat oor genoegsame onderwyservaring beskik het. Dit was opvallend om die vrolike kindergesigte te aanskou wat gretig gelyk het om met die werk te begin. Na die besoek aan die kampskool het hulle van nog twee privaatskole verneem, “Miss Doig’s School” met dertien leerlinge en “Miss Bantjes’

¹⁰⁰ Dr. C.C. Momberg, privaatversameling, A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria* (1976), p. 32; J.H.F. Schraader – dr. A.E.F. Bosman oor die halfeeufeesvierings van Volkskool Heidelberg, 1953-10-12; Heidelberg Public School, *The Heidelberg News*, 1902-02-28.

¹⁰¹ Local and general, *The Heidelberg News*, 1902-03-28.

¹⁰² *The Heidelberg News*, Our Schools – after the Easter holidays, 1902-04-11.

¹⁰³ NASA, TAB, Colonial Secretary, CS4100/01, Notule eerste inspekteurskonferensie, oggendsessie, 1901-8-16, item 4.

School” met dertig leerlinge.¹⁰⁴ Aan die einde van April het nog ’n privaatskool, “Miss Just’s School”, met veertien leerlinge geopen.¹⁰⁵

Volgens *The Heidelberg News* was meer as 1 100 blanke leerlinge in April 1902 op skool, van wie meer as 900 gratis onderwys op die Britse regering se onkoste ontvang het. Verder toon die syfers dat ongeveer 750 leerlinge in die kampskool onderrig ontvang het, terwyl die res daaglik by die Public School, die Free School en die privaatskole skoolgegaan het.¹⁰⁶

Vyfdens het Sargant die leiding geneem by die bepaling van die lot van die weeskinders in die kampskole na die oorlog. Op 23 April 1902 het hy voorstelle in verband daarmee aan die Transvaalse administrasie voorgelê. Alle weeskinders in die kampe sou tot die ouderdom van sestien jaar onder die toesig van die staat val. Die weeskinders sou in groepies van vyftien in kothuise (cottage homes) gehuisves word.¹⁰⁷

Deur die onvermoeide ywer van ds. Louw is ’n “wees-inrigting” op Heidelberg tot stand gebring. Cornelis Meyer het sy Sondaghuis tot die beskikking van ongeveer 22 weeskinders gestel. Mej. Anna Basson uit die Paarl het hulle onderrig behartig terwyl mev. Ockert Spruyt as huismoeder na die weeskinders se behoeftes omgesien het. Onder die Klipkerk in die donkerkamer, bekend as die “grot”, het die weeskooltjie in 1903 geopen (**Figuur 3**). Ander kinders het onmiddellik ook toegang tot die skool verlang. Hieruit het later die stigting van die Volksskool op Heidelberg gevolg.¹⁰⁸

¹⁰⁴ Our schools – after the Easter holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11.

¹⁰⁵ Miss Doig’s school, *The Heidelberg News*, 1902-05-02.

¹⁰⁶ Our schools – after the Easter holidays, *The Heidelberg News*, 1902-04-11.

¹⁰⁷ NASA, TAB, FK 957, Colonial Office 291/39, vol 3, 1902, minute by the Director of Education to the acting Secretary of the Transvaal Administration, 1902-04-23, pp. 370-373.

¹⁰⁸ Gegewens oor onderwys op Heidelberg soos verstrekk deur ds. A.J. Louw aan P. Joubert, hoof van die Volksskool, 1934-03-20.



Figuur 3: Vier en twintig weeskinders wat as inspirasie vir die stigting van die CNO-skool in die kelder van die NG Kerk (Klipkerk) op Heidelberg gedien het.

(Foto: Private versameling, met erkenning aan dr. C.C. Momberg, Heidelberg).

Afloop en beoordeling

’n Vinnige daling in die leerlingtal van die Heidelbergse kampskool het na vredesluiting in Mei 1902 gevolg. Met die sluiting van die kamp op 12 November is die oorblywende leerlinge na die dorpskool oorgeplaas.¹⁰⁹

Die vraag ontstaan of die Britse opvoedkundiges deur onderrig en optrede in so ’n kort tydjie die kampkinders tot die aanname van ’n Britse wêreld- en lewensbeskouing kon beïnvloed. Hierop het die Transvaalse Onderwysdepartement in ’n verslag in Desember 1902 bevestigend geantwoord. Die algehele standaard is verhoog. Die moderne metodes wat hulle aangewend het, was veral in die leerlinge se vordering in Engels merkbaar.¹¹⁰ Volgens F.C. Symington het die Britse owerhede in hulle doel

¹⁰⁹ NASA, TAB, DBC 13, Maandelikse verslag oor kamp op Heidelberg, November 1901, p. 1.

¹¹⁰ P. Zietsman, *Die taal is gans die volk* (Pretoria, Unisa, 1992), p. 33. Zietsman verwys na die Britse Blouboeke, Cd 1551, Education Report, Jan-Dec. 1902, p. 133.

geslaag ... om by die Boerekind, 'n gevoel van lojaliteit aan en simpatie vir Engels en die Engelse kultuur te laat posvat.¹¹¹

Zietsman is van mening dat die kampskole “op verskillende wyses bygedra [het] tot die opkoms van die Afrikaner in die twintigste-eeuse onderwys.”¹¹² Die kampskole het die leergierigheid van die kampkinders gestimuleer. Sowel die ouers as hulle kinders het die waarde van verdere skoolgeleerdheid ingesien. Talle kampkinders wat in die harde leerskool van die kampskole hulle weg moes vind, is na hoër opvoedkundige inrigtings om hulle verder te bekwaam. Hierdie verdere kwalifikasies het hulle in staat gestel om bo die landelike armoede uit te styg en hulle toekoms te verseker.

M.A. Basson vat in sy proefskrif: “Die Britse invloed in die Transvaalse skole, 1836-1907”, die waarde van die kampskole treffend soos volg saam:

*Deur die kampskoolonderwys is die grondslae van 'n hegte Britse onderwysstelsel in Transvaal gelê. Ofskoon die oorlogsomstandighede die natuurlike ontwikkeling van die onderwys ontwrig het, het dit aan die anderkant vir die Britse bewind die gulde geleentheid geskep om sy groot anglisasie-program na eie outokratiese goeie dinge te bewerkstellig. Dit was nie 'n stelsel wat bedoel was om by die behoeftes van die volk aan te pas nie, maar 'n stelsel waarby die volk verplig was om homself aan te pas. Op hierdie grondslag sou daar in die toekoms voortgebou word.*¹¹³

Al het die kampskole baie tekortkomings gehad, kan een feit volgens Basson nie weggedeneer word nie. In 'n tyd toe die duisternis oor die Afrikaner toegesak het, was die ... *konsentrasiekampskole ligbakens in die duisternis.*¹¹⁴

Met die vredesluiting het Milner al die skole by wyse van proklamasie aan die Direkteur van Onderwys oorgedra. Dit het die Heidelbergse gemeenskap se idealisme vir volkseie Christelike onderwys nie gedemp nie. Die gedagte het spontaan ontstaan om so 'n skool, gegrond op Christelik nasionale beginsels, te stig.¹¹⁵

¹¹¹ F.C. Symington, Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat, *Historiese studies* 5(1), Maart 1944, p. 66.

¹¹² P. Zietsman, Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis, in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde* (2001), p. 107.


¹¹³ M.A. Basson, *Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 1836-1937* (II), (Gepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1950), p. 311.

¹¹⁴ P. Zietsman, Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis, in F. Pretorius (red.), *Verskroeiende aarde* (2001), p. 86.

¹¹⁵ A.E.F. Bosman, *Pro Deo et Patria* (1976), pp. 31-33.

Ná die oorlog het teenstand teen Milner se verengelsing van die onderwys skerp toegeneem en uitgeloop op die CNO-skole en die politieke herontwaking van die Afrikaner wat in 'n verenigde front Milner se verengelsingbeleid laat skipbreuk ly het.¹¹⁶

Die Heidelbergers het op 24 Julie 1903 aan die gedagte van 'n CNO-skool in die kelder van die Klipkerk uitvoering gegee en 'n besluit aanvaar om 'n Volksskool waarin kinders onderrig in Nederlands sou ontvang, te begin (**Figuur 4**).¹¹⁷



Figuur 4: Heidelberg Volksskool, wat in 1903 in die kelder van die Klipkerk op Heidelberg as 'n CNO-skool ontstaan het. Die skoolgebou is in 1907 in gebruik geneem. Hieruit het die Heidelbergse Onderwyskollege (1909) en Hoër Volksskool (1915) ontwikkel. Tans 'n nasionale monument.

(Private versameling, met erkenning aan dr. C.C. Momberg, Heidelberg).

¹¹⁶ P. Zietsman, Die konsentrasiekampskole – ligbakens in die duisternis, in F. Pretorius (red), *Verskroeiende aarde* (2001), p. 108.

¹¹⁷ Heidelberg Volk-School – public meeting on Saturday evening, *The Heidelberg News*, 1903-07-31.